- **Godsdienstige musiek:** Ook bekend as gewyde musiek of musiek wat saamgestel is om enige godsdiens te komplimenteer. Soos gospel musiek, geestelike musiek, Rastatarier musiek, ens.
- **Elektroniese musiek:** Musiek wat voortgebring of elektronies geproduseer word en wat gebruik maak van elektroniese musiek-instrumente, soos elektriese kitaar, sintetiseerders en rekenars. Pop-musiek komposisies gebruik elektroniese musiek.
- **Populêre musiek:** Dit is bekende musiek wat normaalweg geskep, uitgevoer en geniet word deur mense van alle sosiale agtergronde bv. jazz, hip-hop, Blues, ens.
- **Tradisionele musiek en volkmusiek:** Dit is musiek wat behoort aan spesifieke kultuurgroepe. Dit word erken deur sy musiekstyl of deur geskep deur tipiese instrumentasie, (bv. tradisionele pennieluities, tambourne, ens), melodie en ritmes en taal in die geval van liedere, bv. *Shosholoza*.

10.2 Enige **TWE** moonlike antwoorde:

(1)

10.1.5 Harmonie

(1)

10.1.4 Polirimes

(1)

10.1.3 Dinamika

(1)

10.1.2 Melodie

(1)

10.1 10.1.1 Tempo

ANTWOORD:

FOKUS VAN VRAAG		ONDERWERP			VERMOËNSVLAKKE	
Musiek	1	2	3	LAAG	MEDIUM	HOOG
		✓				
Herinnering – 10.1				5		
Analisering – 10.2, 10.3					4 + 1	

MEMO:

VRAAG 10

9.3 Ken 2 punte toe vir 'n gedetailleerde verduideliking van die videoprojeksie in enige **TWEE** van die seisoene.

- **Toneel 1 : Winter**
Die atmosfeer van die winter is gevang deur die grys beligting en die videoprojeksie van 'n vervalte gebou gesien deur vallende sneeu.
- **Toneel 2: Lente**
Die videoprojeksie van vloeiende blomme stel die toneel voor. Die beligting word warm en beklemtoon die 'lente' kostuums.
- **Toneel 3: Herts**
Die videoprojeksie weerspieël bruin blare, wat die droë seisoen uitbeeld. Dit word verbeter deur die lig wat poele van vloerpatrone skep wat simbolies is van 'n droë land.
- **Toneel 4: Somer**
Die videoprojeksie is 'n kaart van Afrika, groen in kleur, wys dat daar 'n toekoms in Afrika is.

(2)

9.4 Ken 4 punte toe vir 'n gedetailleerde bespreking oor hoe die musiekgroep en musiek die atmosfeer van die produksie verbeter het

- Die musiek word lewendig gespeel op die verhoog deur vier musikante; violis, hooft- en baskitaarspelers en tromspeler/perkussiespeler.
- Hierdie musikante word op die agterkant van die verhoog geplaas agter linné en is sigbaar in sommige dele en verdwyn tydens ander.
- Die musiek weerspieël die stemming in al die seisoene:
- **Winter:**
Die musikante was nie sigbaar nie, maar voorsien die ritmiese dryfkrag aan die dansers se marsbewegings. Die musiek skep 'n onheilspellende gevoel van 'n verlate land/verlatenheid deur die stad. Dit word hard/skerp en kragtig.
- **Lente:**
Die musikante word vorendag gebring en vir die eerste keer bring dit 'n gevoel van diepte na die verhoog. Die musiek word meer gewortel in Afrika-ritmes net soos die dans.
- **Herts:**
Die musiek beeld die toneel met die geluid van die wind wat waai uit, en dit bou na 'n *rock en roll* gevoel, wat chaos en verlies uitbeeld. Die treurige klanke van die viool begelei die twee dansers op die verhoog wat hul gevoel van pyn en verlies weerklink.
- **Somer:**
Die musiek is lewendig en het 'n Brasiliaanse samba gevoel wat die dansbewegings beïnvloed, insluitende die sensuele gebruik van heupe soos uitgevoer in 'n samba.

(4)
[15]

9.2

Ken 6 punte toe as die leerling 'n gedetailleerde verduideliking oor hoe die choreograaf die beligting, kostuums en bewegings woordeskat gebruik in enige TWEË van die vier seisoene.
Merk slegs TWEË van die vier seisoene.

Winter:

- Die beligting bevorder 'n gryns, koue gevoel.
- Die dansers is geklee in swart mantels met kappies, wat bydra tot die koue van die onbekende.
- Hul bewegings is 'staccato', skerp, kragtig en vierkantig wat reageer op die musiek.
- Die dansers marsjeer om die verhoog en skep 'n gevoel van soldate/oorlog.

Lente:

- Die dansers raak ontlae van wat gedra word in die 'winter' om die lente kleure van hul kostuums te openbaar.
- Die beligting is warm en word beklemtoon deur die kostuums.
- Die dansers word wesens in die natuur; hulle beeld die lente uit as die begin van die lewe, deur die groenigheid, die blomme wat bloei, die wildsbokke wat galop, die verskillende voëls wat hulself in hul vere prik.
- Daar is die gebars van energie uit verskillende dansers, hul neem die ruimte op; dit is 'n vreugdevolle dans.

Herfs:

- Die kostuums weerspieël bruin blare wat 'n droë seisoen uitbeeld.
- Die beligting gebruik gobo's, wat vloerpatrone skep om die droë land te weerspieël.
- Die dansers word slagoffers van sterk winde, liggame word op die vloer gegooi, wind-maal en wys 'n gevoel van gevaar.
- Die twee dansers wat oor bly in die toneel, vergesel deur 'n viool, neem ons op 'n reis van oorlewing, verlies en pyn.

Somer:

- Die dansers is geklee in rooi kostuums.
- Die beligting is warm en die rooi van die kostuums weerspieël die hitte-golwe.
- In hierdie toneel sien ons hoop en die gebars van vreugdevolle bewegings wat eenheid onder die dansers skep en ondersteuning vir mekaar wys.
- Die musiek verander na Brasiliaanse samba-ritmes wat die bewegings beïnvloed.

(6)

- Met klimaatverandering hoog op die lys van kommer vir almal van ons, is hierdie 'n relevante stuk.
- Dit is 'n eenvoudige stuk, nog beeld dit uit 'n harde boodskap wat identifiseer met die wêreld, van waar dit gekom het, na die plek waar dit gaan: hoe die wêreld aan die genade van die menslike hande oorgeleat is. Dit is 'n verkenning van die manier waarop ons die planeet behandel en die onvermydelike gevolge daarvan.
- 'Four seasons' neem die gehoor van die winterseisoen van verlies en wanhoop, kronkelend deur die somer soos dit hoop vir 'n nuwe begin en voorspoed vir die mensdom om weer te begin leef.
- Hierdie herhalende beweging word ook as simboollik gesien as ons eie ervarings soos elkeen van ons 'n tyd van seisoen verandering binne in ons self het, dus elke seisoen beskryf nie net die wêreld en die mens se invloed op die wêreld nie, maar ook die toestand van die menslike psige.

(3)

8.5 Ken 3 punte toe as die leerling 'n gedetailleerde bespreking kan gee oor wat hierdie danswerk suksesvol gemaak het.

- Die werk het 'n klassieke ballet tradisie maar passies word gekombineer met alledaagse bewegings.
- Die styl en die passies pas by die era van die werk wat in die 1920's en 30's vasgestel is.
- Paëper gebruik die persoonlikhede van haar dansers as inspirasie vir haar choreografie.
- Paëper is altyd oop vir voorstelle en ander mense se bewegings.
- Sy stel die choreografie op met net soveel insette van die dansers en moedig hulle aan om hul eie persoonlike interpretasies van hul rolle te gebruik.
- Die sleutel bestanddeel wat hierdie ballet vernuwend maak, is sy wonderlike sin vir humor.
- Dit is pure vermaak en trek gehore om presies daardie rede aan.
- Sy wou nooit die gehoor verveel het nie en in hierdie ballet het sy dit beslis nie gedoen nie.

[15]
(3)

OF

VRAAG 9 (KEUSEVRAAG)

MEMO:

FOKUS VAN VRAAG		ONDERWERP				VERMOËNSVLAKKE	
Suid-Afrikaanse danswerk – Gregory Maqoma		1	2	3	LAAG	MEDIUM	HOOG
Herkenning – 9.1				✓	3		
Analisering – 9.2, 9.3						6 + 2	
Evaluering – 9.4							4

NOTA AAN NASIENERS:

Gebruik professionele oordeel wanneer die kwaliteit van die kandidate se antwoorde geassesseer word. Kandidate het dalk meer inligting in een afdeling as in 'n ander gegee. Evalueer die hele antwoord om te assesseer wat die kandidaat weet en gee punte daarvolgens. Kolpunte is ingesluit in die memorandum om te help met punte-toekennings.

ANTWOORD:

9.1 Ken 3 punte toe vir 'n relevante beskrywing van die doel van die danswerk.

- Maqoma het hierdie stuk geskryf om bewusheid te maak van ons bydrae as mens tot die agteruitgang van ons planeet.
- Hy wou die skoonheid van die natuur na vore bring en hoe kulture en tradisies belangrik is in die handhawing van die mensdom.
- Dit is ook om lewe te vier.
- Die werk handel oor die mens se behoefte aan genesing.
- Dit behels ook die skoonheid van die planeet en bied hoop aan toekomstige geslagte.

- (4)
- Die musiek was gekomponeer deur Jacques Offenbach en vir die ballet verwerk deur Michael Tuffin.
 - Offenbach was 'n Franse komponis.
 - Hy word in 1819 in Cologne, Duitsland gebore en verhuis in 1833 Parys toe om tjlloesse te neem.
 - Sy operettes is vermaaklik, spitsvondig en satiries
 - Sy eerste sukses is *Orpheus in die Onderwêreld* wat in 1958 by die Bouffes-Parisiens Theatre open.
 - In aansluiting by die konsep dat Orpheus 'n vioolonderwyser was, word die bekende viooliso uit Offenbach se operette vir die ballet behou.
 - Nog 'n herkenbare stuk is die *Can can*. Baie van die melodieë is 'n samestelling van twee of meer wysies uit die verskillende operettes wat Offenbach gekomponeer het.

8.4

Ken 4 punte toe as die leerling die komponis/kunstenaars/genre/instrumentasie, insluit en verduidelik hoe die musiek gebruik was om die danswerk te verbeter.

- (3)
- Peter Cazlet ontwerp beide die kostuums en dekor.
 - Die aandjasse wat die "godinne" dra is ontwerp deur Dicky Longhurst.
 - Die styl van die kostuums reg deur die ballet is tipies van die laat '20s en vroeë '30s.
 - Die dekor is skouspelagtig.
 - Die openingstoneel het 'n swierige trap.
 - Olimpus lyk soos 'n luukse passasiersboot kompleet met swembad en stoele.
 - Hades word uitgebied as 'n bedompige nagklub met die oorheersende kleure rooi, donkerpienk en swart.

8.3

Ken 3 punte toe vir 'n gedetailleerde verduideliking van die produksie-elemente soos kostuum en stelontwerp.

- (5)
- Toneel 1: Hotel le Grand
Orpheus en Euridike se huwelik is nie gelukkig nie, en toe Pluto Euridike verlei en ontvoer, is beide sy en Orpheus verheug. Toe Kalliope, Orpheus se moeder, egter opdag en uitvind wat gebeur het, is sy baie geskok en dring daarop aan dat Orpheus, in die belang van die mitologie, Olimpus toe gaan om hulp te kry sodat hy Euridike uit die Onderwêreld kan terugkry. Natuurlik dring sy moeder daarop aan om hom te vergesel.
 - Toneel 2: Olimpus
Op Olimpus is die lewe taamlik verveilig, en toe Pluto vertel van Euridike, sy nuutste verowering, bied dit welkome hoewel ietwat veronttrustende afleiding. Orpheus en Kalliope daag op en Jupiter stem toe tot haar versoek om hulp, waarop al die gode en godinne besluit om hulle na Hades, die Onderwêreld, te vergesel.
 - Toneel 3: Hades
Euridike is teen die tyd die ster van die Onderwêreld se nagklub. Net toe die pret goed op dreef is, bederf Kalliope dit deur Jupiter te herinner aan die doel waarvoor hulle gekom het. Hy beveel Orpheus om te gaan, met Euridike saam met hom. Maar Offenbach gryp in en alles onttaard in chaos (Offenbach is een van die karakters in die ballet.)

7.5 Ken 3 punte toe as die leerling 'n slot het met 'n oorsig van die choreograaf se werk.

- Christopher Bruce is een van Brittanje se leidende choreograwe, in samewerking met beide die klassieke en kontemporêre maatskappye regoor die wêreld.
- In Junie 1998 was Christopher Bruce se rol as een van Brittanje se leidende choreograwe in beide ballet en kontemporêre geselskappe erken met die toekennings van 'n CBE (*Commander of the Order of the British Empire*) vir 'n lewende toewy aan dans.
- Hy het 'n groot repertoire van werke ontwikkel wat vandag steeds deur maatskappye gebruik word.
- Hy gaan voort om groot sukses as 'n choreograaf te behaal en is bekend vir sy vaardigheid om volk danspassies in balletbeweging woordeskakel te omskep en sy gebruik van sosiale temas dien as 'n bron van inspirasie vir danswerke.

(3)
[15]

VRAAG 8 (KEUSEVRAAG)

MEMO:

FOKUS VAN VRAAG		ONDERWERP			VERMOÛNSVLAKKE	
Suid Afrikaanse choreograaf/danswerk		1	2	3	LAAG	MEDIUM
				✓		
Herkenning – 8.2					5	
Toepassing – 8.3, 8.4					3 + 4	
Evaluering – 8.5					3	

NOTA AAN NASIENERS:

Baie moontlike antwoorde kan gegee word, afhankende van watter choreograaf die kandidaat bestudeer het. Gebruik professionele oordeel wanneer die kwaliteit van die kandidaat se antwoorde geassesseer word. Kandidate het dalk meer inligting in een afdeling as in 'n ander gegee. Evalueer die hele antwoord om te assesseer wat die kandidaat weet en gee punte daarvolgens. Nommering en kolpunte is ingesluit in die memorandum om te help met punte-toekennings.

EEN MOONTLIKE ANTWOORD:

8.1 Geen punte word toegeken vir die naam van die choreograaf en danswerk nie.

8.2 Ken 5 punte toe vir 'n gedetailleerde beskrywing van die sinopsis/tema/storie.

- *Orpheus in die Onderwêreld* is 'n uiters komiese ballet gebaseer op die Griekse legende van Pluto, god van die Onderwêreld, wat verlies raak op Euridike, vrou van Orpheus, en haar dan lok na sy koninkryk.
- Paepers se storie doen weg met die tradisionele verhaal van Orpheus, en sy baseer haar ballet op Jacques Offenbach se operette.
- Die aksie vind plaas in die laat 1920's, vroeë 1930's binne 'n Frans-Italiaanse agtergrond met Pluto as hoof van 'n Mafia-tipe onderwêreld, Kalliope, Orpheus se ietwat neurotiese en later dranksgugtige moeder en Offenbach self wat 'n ogie hou oor die verrigtinge.

- Sy werke het gewoonlik 'n duidelike tema en daar is 'n sterk gevoel van karakter, maar ruimte word gelaat vir individuele interpretasie.
- Sy balletwerke het 'n verhalende kwaliteit of tipe onderwerpmateriaal. Dit is egter dikwels nie 'n spesifieke een-reël narratief nie, maar eerder lae beelde wat 'n soort collage vorm en wat ruimte laat vir die gehoor se verbeelding om te werk.
- Bruce hanteer dikwels politieke- en sosiale temas in sy choreografie en sy werk ontwikkel dikwels vanuit 'n bepaalde stimulus soos musiek, kuns of skryfwerk.
- In die verwerking van sy gekose tema in beweging abstraher hy die idee eerder as om dit op 'n letterlike manier te interpreteer.
- Bruce gebruik 'n wye verskeidenheid musiek in sy werke, vanat klassieke werke tot populêre deuntjies.
- Kostuums, beligting en ontwerp dra by tot die ontwikkeling van sy idees maar dit is belangrik vir Bruce dat hierdie elemente bewegingsvryheid toelaat en nie afbreuk doen aan die choreografie nie.
- Bruce se beweging woordeboek word uit klassieke ballet en kontemporêre dans gehaal, veral die Graham-tegniek wat 'n groot deel van sy opleiding gevorm het.
- Sy choreografie kom uit ander dansstyle, naamlik volksdans en sosiale dans en klopdans reeksse afhangelende van die idees agter die werk.
- 'Alledaagse' bewegings en gebare word ook geïnkorporeer en gebruik.

(4)

7.4 Ken 4 punte toe as die kandidaat kan uitbrei oor die choreograaf se dansstyl.

- Hy het hoofsaaklik vir die Rambert Dansgeselskap (*Rambert Dance Company*) opgetree, met enkele gasoptredes vir ander geselskappe. Sy laaste belangrike rol was in 1988 vir die London Festival Ballet.
- Bruce se choreografie-talente was deur die Rambert-geselskap geïnspireer en aangemoedig.
- Die geselskap het 'n reputasie vir die voeding en koestering van jong choreograwe, en die verskeidenheid en eksperimentering in die werk van die geselskap het Bruce se natuurlike talent stimuleer.
- Hy word beskou as die laaste choreograaf wat deur die geselskap se stigter, Marie Rambert, opgelei is.
- Bruce het sy eerste werk, *George Fritovic*, in 1969 geskep. Hy choreografeer 'n verdere 20 werke vir die geselskap, en was assistent-direkteur en daarna mede-choreograaf.
- Bruce word oor die hele wêreld toenemend gesog as 'n choreograaf. Hy het 'n verhouding opgebou met die Nederlandse danssteater, Koninklike Deense Ballet en die Houston Ballet, en choreografeer vir musiekblyspele, operas, film en televisie.
- Van 1994 tot 2002 was Bruce die direkteur van die Rambert Dansgeselskap en in hierdie rol het hy opdrag gegee vir baie nuwe werke deur beroemde internasionale choreograwe soos Merce Cunningham (USA) en Jiri Kilian (Nederland).

(4)

7.3 Ken 4 punte toe as die leerling 'n gedetailleerde verduideliking kan gee van die choreograaf se choreografiese loopbaan.

VRAAG 7

MEMO:

FOKUS VAN VRAAG		ONDERWERP			VERMOËNSVLAKKE	
Internasionale choreograaf	1	2	3	LAAG	MEDIUM	HOOG
			✓			
Herkenning – 7.1, 7.2			1 + 3			
Analisering – 7.3, 7.4				4 + 4		
Evaluering – 7.5						3

NOTA AAN NASIENERS:

Baie moonlike antwoorde kan gegee word, afhangelende van watter choreograaf die kandidaat bestudeer het. Gebruik professionele oordeel wanneer die kwaliteit van die kandidaat se antwoorde geassesseer word. Kandidate het dalk meer inligting in een afdeling as in 'n ander gegee. Evalueer die hele antwoord om te assesseer wat die kandidaat weet en gee punte daarvolgens. Nommering is ingesluit in die memorandum om merk te vergemaklik. Nommering moet nie ingesluit word in die kandidaat se antwoord nie – HULDEBLYK.

EEN MOONTLIKE ANTWOORD:

7.1 Ken 1 punt toe vir die geboorteland.

Christopher Bruce was in Brittanje gebore.

(1)

7.2 Ken 3 punte toe vir 'n gedetailleerde beskrywing van die choreograaf se agtergrond en dansopleiding.

- As 'n jong seun het hy polio gekry, wat sy bene beskadig het. Sy vader het hom aangemoedig om te dans, omdat hy geglo het dat dit sou help om sy bene te herstel en dat dit 'n goeie loopbaan kon wees.
- Hy het begin kias neem by die Benson Stage Academy in Scarborough, waar hy onderrig gekry het in ballet, klop- en akrobatese dans.
- Elemente van al hierdie vroeë style is in sy choreografie sigbaar.
- Op die ouderdom van 13 het hy by die Ballet Rambert School aangesluit, en word in 1963 in die geselskap opgeneem. Dit was op hierdie stadium hootsaaklik 'n balletgeselskap. In 1966 oortuig die artistieke direkteur, Norman Morrice, Rambert om kontemporêre werke in die 'program' in te sluit.

(3)

[10]
(2)

- Sodat ons daaruit kan leer.
- Om te verseker dat die ou tradisies van die verlede gekoester word en aan die lewe gehou word.
- Om te verseker dat die toekomstige geslagte sal weet waar hulle tradisies vandaan kom.

6.2 Ken 2 punte toe vir gegronde redes waarom dit belangrik is om danse van *inheemse kulture te behou*.

- 6.1.4 • Musikaal begeleiding bestaan gewoonlik uit tromme, sang, handeklap en/of dreunsang.
• Die tromme, sang, handeklap en ratsels saam met die gestamp van voete skep poliritmiese klanke.
(1)
- 6.1.3 • Afrika-danskostuums verskil baie afhange van die kultuur- en ouderdomsgroep wat die dans opvoer.
• Dierelike word algemeen gebruik asook oordadige kralewerk, bruin of helderkleurige materiaal, enkelratsels, vere, ens.
(1)
- 6.1.2 • Afrika-danse gebruik die natuurlike kromminge/kurwes van die liggaam.
• Bewegings word na die grond toe gedans en komplementeer swaartekrag eerder as om dit uit te daag.
• Basiese en komplekse ritmiese patrone word gebruik.
• Alledaagse bewegings word gebruik of bewegings wat die natuur (voëls, diere, insekte of plante) naboots of dramatiseer, of die elemente, soos vuur, water, die aarde of die lug word as stimulus vir beweging gebruik, byvoorbeeld stap en lang tree gee (*Mohobelo* van die Suid-Basoeto), voete skuifel (*Trance Dance* van die San en *Umxentso* van amaXhosa-dolosoosiers), spring (voelstrispaardans van die Kalahari San en *Setapa*-dans van die Batswana), voete stamp (*iNgoma* van die amaZulu), vibreer en skud/bewe (*uMityimbo* van die amaMpondo), mimiek en gebare (bekoringsdans van die Bororo Fulani), kniel (*Mokgibo* van Suid-Basoetovroue en meisies), spring (krygersdans van die Masai).
• Danse het gewoonlik 'n tema (vrugbaarheids/hofmakery/werk/hierargie, ens.) en doel (protes/sosialisering/feesviering/bevraagtekening van sosiale kwessies, ens.)
(1)
- 6.1.1 Afrika-dans word gewoonlik deur die gemeenskap opgevoer en het 'n spesifieke doel/funksie.
(1)

AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN GELETTERRDHEID

VRAAG 6

MEMO:

FOKUS VAN VRAAG		ONDERWERP					VERMOËNSVLAKKE	
Dansstylie/dansvorme		1	2	3	LAAG	MEDIUM	HOOG	
				✓				
Herkenning – 6.1.1, 6.1.3, 6.1.4					6			
Analisering – 6.1.2						2		
Evaluering – 6.2							2	

NOTA AAN NASIENERS:

Baie moonlike antwoorde kan gegee word. Gebruik professionele oordeel wanneer die kwaliteit van die kandidate se antwoorde geassesseer word. Geen punte moet toegeken word vir die name van die dansvorme in VRAAG 6.1 nie. Kolpunte is ingesluit om te help met toekennings van punte.

MOONTLIKE ANTWOORDE:

6.1 Ken 4 punte toe vir elke dansvorme wat 'n beskrywing het oor al 4 kolpunte.

- 6.1.1 **Ballet:** Balletwerke word deur professionele dansers opgevoer, gewoonlik in 'n teater. (1)
- 6.1.2 • Hierdie dansvorme word geëien aan die uitwaartse rotasie van die bene vanat die heupgewrig, gestrekte voete asook die vyf posisies van die balletstyl daag swaartekrag met grasie en baie streng tegniek uit. • Ballet bestaan uit 'barre'-werk, 'centre' (middelwerk), *pirouette*, *ports de bras*, *adage* en *allegro* bestaande uit klein en groot spronge, met of sonder *batterie*. • Vroulike dansers doen puntwerk. Geblokte toonskoene word gedra en dansers dans op die punte van hulle tone. (1)
- 6.1.3 Die dansers dra gewoonlik oordadige kostuums – tutu's/fluweelbaadjies en rompe, ens. (1)
- 6.1.4 Ballet het oorspronklik net klassieke musiekpartiture gebruik, maar deesdae word 'n verskeidenheid musiek gebruik. (1)

5.3 UITHOUCRMOE

Hoe om dit in die dansklas te verbeter: *Kandidate moet drie*

gedetailleerde en spesifieke voorbeelde gee.

- Uithouvermoë behels die uitvoer van bewegings in die dansklas waar jy beweging/rondbeweging ('travel') of spring-aërobiese tipe bewegings aan springreëksie en kombinasies waar jy deur ruimte beweeg en wat konstant is, vermeerder – nie stop-begín ('stop-start') nie.
- Jy moet ook jou oefeninge aanpas sodat jou liggaam voortdurend voor nuwe en verskillende uitdagings te staan kom, bv. progressiewe ooriading.

KRAG

Hoe om dit in die dansklas te verbeter: *Kandidate moet drie*

gedetailleerde en spesifieke voorbeelde gee.

- Al die spiere in die liggaam, arms en bene moet deur spesifieke oefeninge vir elke liggaamsdeel ontwikkel word.
- Alle oefeninge moet die oorlaai-begín gebruik wat beteken jy moet meer doen en jou spiere vra om vir elke les meer te doen.
- Jy moet 'n verskeidenheid spierversterkingsoefeninge doen om algehele krag en sterkte te ontwikkel. Daar moet 'n balans tussen spiergroepe wees sodat jou liggaam hoogs doeltreffend en sterk kan wees.

SOEPLEHEID

Hoe om dit in die dansklas te verbeter: *Kandidate moet drie*

gedetailleerde en spesifieke voorbeelde gee.

- Klein, ligte strekoefeninge moet in die opwarming ingesluit word.
- Lang, volgehoue strekoefeninge moet teen die einde van die klas plaasvind wanneer die spiere warm en soepel is.
- Alle liggaamsdele moet buigbaar/soepel wees aangesien 'n ongebalanseerde vlak van soepelheid in verskillende dele van die liggaam tot beserings kan lei.
- Stadige, volgehoue strekoefeninge is die veiligste soort strekmetodes. Die gebruik van asemhaling terwyl jy die strek hou, is belangrik om spanning in die spiere te verlig en om die liggaam toe te laat om verder in die strek in te gaan.

[12]
(3)

TOTAAL AFDELING A: 40

MOONTLIKE ANTWOORDE:

5.1	5.1.1	<i>Ken 3 punte toe as die leerder kan idees gee oor hoe hul mede-klasmaat beheer kan neem van hul omstandighede.</i>	<ul style="list-style-type: none"> • Ek kan die persoon vertel om beheer te neem van haar/sy: Gedagtes (konsentreer, positief te dink en in beheer te bly wanneer hy/sy 'n stresvolle situasie erken, daaroor praat of 'n dagboek hou) • Emosies (kalm te bly, glo in jouself en oorkom jou vrese) • Skedule (bly toegewyd en beplan jou kort- en langtermyn doelwitte en hou daarby) • Omgewing (skop 'n veilige plek vir jouself, pas ontspanning tegnieke toe) • Verhoudings (kommunikeer duidelik, respekteer ander leerlinge se opinie en hul ruimte). 	(3)
	5.1.2	<i>Ken 2 punte toe as die leerder ontspanningstegnieke kan aanbeveel om hulle te help.</i>	<ul style="list-style-type: none"> • Pas ontspanningstegnieke soos meditasie, joga, strek en swaai tipes bewegings toe. • Maak seker dat jy gemaklik is in 'n goed geventileerde omgewing met so min geraas as moontlik en gedempte lig om konsentrasie te verseker. • Om te ontspan en spierspanning te verminder, lê en voel gemaklik op die vloer, dink aan 'n rustige omgewing en fokus dan op behoorde, ontspannende asemhaling, maak jou hart stadiger klop, of voel verskillende fisiese sensasies, soos elke arm of been een vir een te laat ontspan. • Fokus daarop om elke spiergroep stadig saam te span en dan een vir een te laat ontspan. Dit help jou om te fokus op die verskil tussen spierspanning en ontspanning. Begin deur saam te span en ontspan die spiere in jou tone en werk dan stadig jou pad op tot by jou nek en kop. Jy kan ook begin met jou kop en nek en werk af na jou tone toe. Span jou spiere saam vir ten minste vyf sekondes en ontspan dan vir 10 sekondes, en herhaal. • Maak jou oë toe en verbodeel jou jy neem 'n reis na 'n vreedsame, rustige plek of situasie. Kies die plek, probeer om soveel sintuie as wat jy kan te gebruik, insluitend reuk, sig, klank en tas. As jy jou verbodeel jy ontspan op 'n warm dag in 'n pragtige bos met sagte gras en hoë bome, dink oor dinge soos die reuk van die bome, die geluid van die wind, die koelte van die gras en die sonstrale wat deur die blare skyn. 	(2)
	5.2	5.2.1	Uithouvermoe	(1)
		5.2.2	Krag	(1)
		5.2.3	Soepelheid	(1)
		5.2.4	Kernkrag	(1)

Gebruik professionele oordeel wanneer die kwaliteit van die kandidate se antwoorde geassesseer word. Evalueer die hele antwoord om te assesser wat die kandidaat weet en gee punte daarvolgens. Kolpunte is ingesluit om te help met die toekenning van punte.

NOTA AAN NASIENERS:

FOKUS VAN VRAAG		ONDERWERP		VERMOÛNSVLAKKE	
Geestelike gesondheid/ontspanning/beginsels van liggaamskondisionering	1	2	3	LAAG	MEDIUM
Herkenning – 5.2				4	
Toepassing – 5.1.1					3
Evaluering – 5.1.2					2
Analisering – 5.3					3

MEMO:

VRAAG 5

4.1	4.1.1	Ekstensie	(1)
4.1	4.1.2	Fleksie	(1)
4.1	4.1.3	Abduksie	(1)
4.1	4.1.4	Ekstensie	(1)
4.2	4.2.1	Gastrocnemius	(1)
4.2	4.2.2	Gluteus Maximus	(1)
4.2	4.2.3	Pectoralis major	(1)
4.2	4.2.4	Sartorius	(1)

[8]
(1)
(1)
(1)
(1)
(1)
(1)
(1)
(1)

ANTWOORDE:

FOKUS VAN VRAAG		ONDERWERP		VERMOÛNSVLAKKE	
Anatomiese aksies/spiere	1	2	3	LAAG	MEDIUM
Herkenning – 4.1				4	
Toepassing – 4.2					4

MEMO:

VRAAG 4 (KEUSEVRAAG)

DAAR IS 'N KEUSE TUSSEN VRAAG 3 EN VRAAG 4.

VRAAG 3 (KEUSEVRAAG)

MEMO:

FOKUS VAN VRAAG		ONDERWERP			VERMOËNSVLAKKE		
Ruggraat/gewrigte		1	2	3	LAAG	MEDIUM	HOOG
Herkenning – 3.1					4		
Toepassing – 3.2, 3.3						2 + 2	

ANTWOORDE:

- 3.1 A – Servikaal
 B – Torakale
 C – Lumbaal
 D – Sakraal

(4)

3.2 Ken 2 punte toe as die leerder 'n goeie kennis van die funksies van die ruggraat het.

- Dit dien as 'n skokbreker as gevolg van al sy krom lyne.
- Dit help beweging.
- Dit is 'n beskermende dop vir die werwelkolom.
- Dit is 'n punt van vashegting vir spiere.
- Dit ondersteun die liggaam in 'n regop (vertikale) posisie.
- Dit help met goeie postuur en balans.

(2)

3.3 Ken 2 punte toe vir 2 korrekte bewegings van die ruggraat.

- Soos jy vooroor buig om aan jou tone (fleksie) te raak
- Buig agteroor (ekstensie)
- Draai jou bolp na die linker- of regterkant (aksiale rotasie)
- Buig sywaarts (laterale fleksie)

(2)
 [8]

OF

- 2.2 Ken 2 punte vir die korrekte verduideliking van die simptome van 'n *verstuiving*.
- Pyn om die aangetaste gewrig
 - Nie in staat is om die gewrig/beseerde liggaamsdeel normaalweg te kan gebruik of om gewig daarop te sit nie
 - Kneusing
 - Sagtheid
 - Swelling
 - Inflammasie
- (2)
- 2.3 Ken 3 punte toe vir 'n gedetailleerde verduideliking van die voordele van 'n *geskikte postuur in dans*.
- 'n Goed-belynde liggaam brand die minste hoeveelheid van energie
 - wanneer die beweging uitgevoer word.
 - Dit verhoed moegheid terwyl jy dans.
 - Versker dat die spiere tydens sekere bewegings reg gebruik word.
 - Dansbewegings word met gemak gedoen.
 - Vermynspanning en wanbalans wat 'n uitwerking op die lyn en vorm van bewegings het.
 - Dit versker beheer en balans tydens bewegings.
- (3)
- 2.4 Ken 3 punte toe as die leerling die korrekte belyning van die knieë sowel as die belangrikheid daarvan vir die danser kan bespreek.
- Die knie is 'n skarniergewrig en gebou om te buig en fleks met baie min rotasie en geen ruimte vir laterale beweging nie.
 - Indien 'n oormatige las op die knieë geplaas word, soos die landing na 'n sprong, en daar is laterale of roterende beweging op daardie tydstip, kan die ligamente aan beide kante van die gewrig skeur.
 - Om dit te verhoed moet jy versker dat wanneer jy jou knieë buig dat dit in lyn is met jou middelste toon.
 - Jy moet versker dat jy nie stres op die ligamente plaas deur die gewrig buite die normale omvang en bewegings rigting beweeg nie.
- (3)

1.3 Ken 3 punte toe as die leerder die positiewe gevolge van geskikte voeding op n danser se liggaam kan bespreek.

- Verhoogde energievlaakke
- Verhoogde geestelike waaksaamheid
- Groter fiksheidvlaakke
- Behou n ideale gewig
- Herstel vinniger van siektes/beserings

(3)

1.4 Ken 1 punt toe as n leerder weet hoe om van n eetversteuring te herstel.

- Om hulp/ondersteuning te kry van familie, vriende, beraders, ens.
- Om mediese evaluering te verkry – dokter, dieetkundige, ens.
- Hospitalisasie of psigiatriese behandeling

(1)

[10]

VRAAG 2

MEMO:

FOKUS VAN VRAAG		ONDERWERP			VERMOËNSVLAKKE	
Beserings/postuur/knie	1	2	3	LAAG	MEDIUM	HOOG
belyning	✓					
Herkenning – 2.1				2		
Toepassing – 2.2, 2.3					2 + 3	
Evaluering – 2.4						3

NOTA AAN NASIENERS:

Gebruik professionele oordeel wanneer die kwaliteit van die kandidate se antwoorde geassesseer word. Evalueer die hele antwoord om te assessseer wat die kandidaat weet en gee punte daarvolgens. Kolpunte is ingesluit om punte-toekenning te vergemaklik.

VOORBEELD VAN MOONTLIKE ANTWOORDE:

2.1 Ken 2 punte toe indien die leerder die algemene oorsake van dansbeserings kan gee.

- Ornatige dansopleiding
- Foutiewe tegniek
- Langdradige en intense repetisies
- Slegte onderrig
- Die fisiese karaktereienskappe van die liggaam (swak rotasie of fisiese afwykings)
- Dans op die punt van die tone
- Die eëtgewoontes algemeen vir dansers
- Ormoeg of oorwerkte dansers
- Onvoldoende opwarming
- Onstabiel of ongeskikte vloer
- Swak omgewing (temperatuur en swak fasiliteite)

(2)

AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG

VRAAG 1

MEMO:

FOKUS VAN VRAAG		ONDERWERP					VERMOËNSVLAKKE
Groepsdruk/stereotipe/ Voeding/eetversteurings	1	2	3	LAAG	MEDIUM	HOOG	
	Herkenning – 1.2			1			
Toepassing – 1.1, 1.2					3 + 2		
Evaluering – 1.3						3	
Evaluering – 1.4						1	

NOTA AAN NASIENERS: Baie moonlike antwoorde kan gegee word. Gebruik professionele oordeel wanneer die kwaliteit van die kandidate se antwoorde geassesseer word. Kolpunte is ingesluit om punte-toekenning te vergemaklik.

MOONTLIKE ANTWOORDE

1.1 Ken 3 punte toe vir 'n gedetailleerde verduideliking van waarom dit belangrik is om jou vriende noukeurig te kies.

- Vriende kan jou besluite beïnvloed – goed of sleg.
- As jy probeer om in te pas met groepe net om aanvaar te word kan jy beïnvloed word om dinge te doen wat nie deur jou ouers goedgekeur sou word nie/wat jou ook nie laat trots voel op jouself nie.
- Slegte vriende kan jou beïnvloed om dwelms te neem, te rook, steel, om onveilige/minderjarige seks te hê, ens.
- Goëie vriende kan jou beïnvloed om op 'n verantwoordelike wyse op te tree soos om skool by te woon, hard te werk, om te gee vir jou mede-leerders, onderwysers en familie.
- Jou keuse van vriende wys wie jy is as 'n persoon/jou waardes/prioriteite.

(3)

1.2 Ken 1 punt toe vir die naam van 'n stereotipe en 2 punte vir 'n verduideliking van algemene stereotipes in dans en waarom hul onwaar is.

Hieronder word **TWEE** voorbeelde gegee maar leerlinge kan enige ander ook gee.

Dansers moet maer wees

Baie dansers, veral vroue, word onder groot druk geplaas om maer te wees. Dis omdat dans 'n visuele kunis is en mense na jou kyk waar jy in 'n styfpassende kostuums optree en dikwels jou figuur beoordeel i.p.v. jou dansvermoë. Dit kom veral in die balletwêreld voor. Hierdie soort druk lei tot baie eetversteurings, soos anorexia nervosa of bulimia. As dit nie opgemerk of behandel word nie, kan dit 'n danser se loopbaan of selfs sy/haar lewe beëindig. Dansers is individue en moet sterk en gesond wees. Die wyse waarop hulle dans, is belangriker as hoe maer hulle is.

Dans is meisieagtig – alle mansdansers is homoseksueel (gay)

Dansers moet krag hê. Mansdansers is dikwels sterker en fiks as ander sportmanne. Om emosie d.m.v. jou liggaam uit te spreek maak jou nie homoseksueel nie. Dikwels sal die groepsdruk wat op mansdansers geplaas word hulle dwing om hulle dans, talent en vermoëns hierop op te gee.

(3)

NOTA AAN NASIENERS/ONDERWYSERS:

In die assessering van 'n kandidaat se werk, moet die volgende aspekte, onder andere, van die assesseringrubriek in ag geneem word.

- In die voorbeelde van moontlike antwoorde, is daar baie meer inligting verskat as 'n bron vir onderwysers en nasieners, as wat van die kandidate verwag word.
- Kolpunte ('Bullets') is in die memo gebruik om nasien te vergemaklik.
- Verwys na die **vermoensvlakke** in die 'Fokusvraag'-tabel onder elke vraag om die hoe, medium en lae kognitiewe vlakke, wat in die antwoord verwag word, te bepaal.
- Nasieners moet nie kandidate vir verkeerde gebruik van grammatika of spelling penalisiseer nie. Solank die kandidaat se antwoord duidelik en verstaanbaar is en aan die nasienkriteria (bv. die benoëning van spiere) voldoen. **Hulle mag egter nie volpunte vir opstel-/paragraafvrae kry as daar grammatika- en spelfoute is en die antwoord nie in die regte formaat geskryf is nie of nie die vraag betekenisvol beantwoord het nie.**
- In baie van die kwalitatiewe vrae, waar volledige verduidelikings vereis word, is een regmerknie nie altyd aan een punt gelyk nie. Halwe punte kan toegeken word.
- **Vermey die toekennings van volpunte waar die antwoord oppervlakkig en minimaal is.**
- Waar kandidate agterlosige foute gemaak het, bv. nommering, moet hulle met 10% gepenaliseer word, maar die nasieners en moderator besluit of die kandidaat die betrokke vraag korrek beantwoord het.
- Soek na dit wat die kandidaat weet, nie wat hy/sy nie weet nie.

Hierdie memorandum bestaan uit 21 bladsye.

PUNTE: 100

**DANSSTUDIES
MEMORANDUM**

SEPTEMBER 2014

GRAAD 12

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAT**

